



This was freedom. Losing all hope was freedom.
– Chuck Palahniuk, *Fight Club*

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel. (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: Fanie Viljoen 2014

Geset in 12 op 16pt Goudy
Omslagontwerp: Zinelda McDonald
Grafiese uitleg deur Full Circle
Gedruk en gebind deur Paarl Media, Jan van Riebeeckrylaan, Paarl

Eerste druk 2014

ISBN 978 0 7993 62510

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

**PLEISTERS
VIR DIE
DOOIES**

FANIE VILJOEN

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za



VERLOSSER

1

Die nag is donker en gevaarlik soos 'n begraafplaas waar niemand meer kom nie.

Ek sit op my deurmekaar bed in my kamer en ek dink. Iewers buite is daar geluide, maar dit is ver en dof. Net 'n flou bedliggie brand hier binne. Ek kyk na die vloer, maar ek sien nie regtig iets nie. Iets anders hou nou al my aandag. Ek sit stil om te kyk of dit weer gebeur.

Daar ...

Dit voel of iemand anders binne-in my lyf is. Sy hande in my hande. Sy voete in my voete. Sy kop in my kop. Ek voel dit beweeg. Stadig. Diékant toe, dan daardie kant toe. Net effens, maar genoeg om my te laat weet hy is hier.

Skielik voel ek hom agter my staan. Hy kreun. Sy sterk hande lê swaar op my skouers. Hy laat sak hulle af oor my boarms, skuif hulle oor my bors ... stadig ... Meteens gryp sy hande mekaar vas. Sy arms trek vas om my. Ek wil keer, my arms opruk, maar ek kan nie beweeg nie. Die asem pers uit my longe. Vir 'n ruk sit ek só totdat dit voel of ek gaan vrek. My lyf word koud en dood. Die greep trek stywer, stywer. Ek probeer loskom. Ek probeer weer om iets te voel. Maar dit help nie.

Ek bly net so vooroor sit en probeer om nie paniekerig te raak nie.

“Dis oukei, dis oukei,” rasper my stem.

Daar kom ’n bloedsmaak in my mond. Ek sluk dit weg. Ek weet die greep sal weer verswak. Nie baie nie, maar ek sal weer kan beweeg. Tot dan moet ek net wag.

“Wat dit kalm!” fluister ek vir myself. “Jy ken mos al dié gevoel.”

Kort hierna sal die hartseer kom. Ek probeer ’n tyd onthou toe ek nie so stukkend gevoel het nie. Ek weet daar was sulke tye, daar móés gewees het, maar ek sukkel om dit te onthou. Was daar ’n tyd toe ek gelukkig was?

Beelde van dinge by die skool flits voor my verby. Die gesigte van die kinders. Hulle kyk my aan asof my siel uithang. Die slim frats. Die weirdo, die freak. Dis ek.

Uiteindelik verslap die greep om my lyf. Die lug stort my longe binne. Dit brand in my keel. Stadig sit ek regop en probeer weer ’n vaste voet in die realiteit kry. Ek kyk na die oop deur se kant toe. Die res van die huis is donker. My pa slaap nou. Sy storm van vroeër is verby. Ek het met net ’n vuishou teen die oog weggekom.

Jy was hierdie keer gelukkig, Pa. Volgende keer bliksem ek terug!

Volgende keer?

Ek het vergeet.

Daar gaan nie 'n volgende keer wees nie.

Ek verstar skielik. Het ek iemand in die huis hoor beweeg? Dalk my pa, of my broer? Nee, dis weer stil.

Ek gaan staan by die oop venster. 'n Ligte wind laat die geskeurde kantgordyne beweeg. Dit laat my dink aan die beweging wat ek netnou binne my gevoel het. Die donkerte s'n. Of was dit my siel? Ga, my siel. Wat dit ook al is – ek weet myne is dun geskuur.

En dis hoekom ek gaan doen wat ek gaan doen.

Môre gaan alles verander. Vir my gaan dit eindig. Vir 'n klomp mense by die skool ook.

Môre gaan ek 'n pistool saamvat skool toe.

Ek het genoeg gehad. Ek weet wat ek moet doen, en ek gáán dit doen. Niemand gaan my keer nie.

Ek vat van nou af beheer oor my lewe. Ék besluit. Klaar.

Hierdie is my laaste aand. Ek hoef nie vanaand te slaap nie.

Vanaand gaan ek fare-fokken-well vir als sê, gaan die aftelling na die oordeelstyd begin.

Ek verwag iets ongeloofliks wanneer ek die sneller trek. Dit sal wees soos 'n moerse vuurwerkvertoning waar die vonke oopspat oor die donker.

Dwa! Dwa! Dwa!

Ek verwag dat bloed só sal oopspat teen die skoolmure.

Dwa! Dwa! Dwa!
Ek verwag afgryse in die kinders se oë. Ek gaan kyk
hoe hulle siele uit daardie selfde oë sypel.
Dit sal asemrowend wees. Ek weet dit net.
Asemrowend.

2

Ek voel onder my bed rond vir my Doc Martens en trek dit aan. Ek maak nie die veters te styf vas nie. Dis soos ek daarvan hou. Ek vat my selfoon wat op die bedkassie lê. Die geld en my knipmes ook. En 'n boek – *The Catcher in the Rye*. Dit sal die perfekte vriend wees om saam te vat vir die slagting. Die ou wat die Amerikaanse oudpresident Ronald Reagan geskiet het, het dit voor die sluipmoordpoging gelees. En die etter wat vir John Lennon vrekgeskiet het, het die boek op die moordtoneel gesit en lees terwyl hy vir die polisie gewag het. *This is my statement*, het hy voorin geskryf en toe *Catcher* se hoofkarakter se naam onderaan geteken: *Holden Caulfield*.

Ek gryp die boek. Dit val oop by die opgevoude bladsy binne-in.

Die lys.

Die los bladsy gly effens ondertoe, maar ek skuif dit weer in plek en klap die boek toe sonder om na die lys te kyk.

Die geld druk ek in my broek se sak; die selfoon, knipmes en boek kom in my rugsak. Ek rits die sak toe. Uit my bedkassielaaï haal ek 'n vol pakkie sigarette. Dit kom in die kantsakkie.

Die huis is koud. Buite sal dit nog kouer wees. Ek

kry 'n swart soldatebaadjie uit die kas en trek dit vinnig aan. Toe kyk ek in my kamer rond. Is daar nog iets wat ek moet saamvat?

Ek trek die gordyn verder oop sodat die maanlig kan help om die vertrek te verlig. Dit help nie veel nie, maar die dowwe glans skyn tog effens oor die gekreukelde lakens op die bed, bondels vuil klere, my boeke op die rak teen die muur, my rekenaar.

Totsiens, kamer.

Ek weet skielik hoe daardie mal Holden Caulfield van *Catcher* moes gevoel het toe hy uit sy koshuis-kamer stap, die wêreld in. Hy het getjank. Ek sal nie. Maar ek het skielik lus om soos hy uit te roep: "Lekker slaap, julle morone!"

Ek doen dit nie. Ek stap in die gang af. Daar lê 'n gebreekte stoel en stukkies glas by die badkamerdeur. Dis die oorblyfsels van vroeër vanaand se bakleiery. My pa se snorkgeluide dreun uit die kamer. Bastard!

As môre net 'n normale dag sou wees, sal hy by die kombuistafel kom sit asof niks gebeur het nie. Niemand was dronk nie. Niemand is met 'n vuis teen die kop gemoer nie. Niks het gebreek nie. Ons sal nie daaroor praat nie, maar daar sal 'n dikgelaaide atmosfeer wees. Dis hoe dit altyd is.

Nee, herinner ek myself, môre sal anders wees ...

Heeltemal anders.

Ek stap na my broer se kamer en luister by die toe deur. Alles is doodstil. Ek wonder skielik of hy ooit

daar is. Ek gaan nie kyk nie. Ek wil hom nie wakker maak as hy daar is nie. Hy sal wil weet waarheen ek op pad is, waarom ek die rugsak by my het.

Ek stap eetkamer toe. Die tafel is omgekeer. 'n Glas en geel pille lê in die hoek van die vertrek. Sigaretstompies en as lê oor die mat gestrooi. 'n Donker, nat kol by die deur lyk soos 'n gebalde vuis.

Ek kyk daarna asof dit niks is nie. Ek het dit al te veel kere gesien.

In die sitkamer wag nog 'n oorlogsone met leë sigaret-pakkies, 'n omgekeerde potplant en stukke glas. Die TV flikker spokerig tussen gryswit sneeubeelde en CNN.

Dis asof ek gisteraand se geveg weer kan hoor. Niks stop my pa as hy só raak nie.

Die aande wanneer hy sy pistool uithaal, is die ergste.

Ek skop 'n glas uit die pad toe ek na die koffietafel toe stap. Die pistool, 'n Beretta 9 mm Parabellum, lê nog op die tafel waar hy dit gelos het. Die vark gaan haal die ding altyd uit as hy regtig pisdronk word. Dan kom die stories oor my ma en die bloedtoetse wat hy jare terug al moes laat doen. Die vloekkind wat hy glo nie syne is nie. En nog later val hy uit met sy ou weermagstories. “Die Grens”, soos hy dit noem, “met 'n hoofletter G” – asof dit dan meer moet beteken. Hy sal aan- en aangaan oor die bloed en die lyke en die koeëls. Hoe ouens 'n bietjie ouer

as ek en my broer, agtien, negentien, hulle broeke natgepis het wanneer die bomme ontplof.

Dis gewoonlik op hierdie punt dat sy gesig bleek word, sy vuiste hamers, sy lyf soos 'n dier s'n, sy oë onheilspellend.

Wat my die meeste bang maak van sy geskreeu en geskel, is dat ek juis in daardie tye myself in hom herken.

Ons hét dieselfde bloed ...

Vloek, breek, skree, seermaak ... séermaak – dis al wat die woede uiteindelik stilmaak.

Ek staan 'n ruk en staar na die pistool, die magasyn, die koeëls.

Toe maak ek my rugsak oop. Die Beretta is swaar en koud in my hand. Ek vou my vuis om die growwe greep, krul my vinger om die sneller en mik na die flikkerende televisie.

“Dwa!” fluister ek en laat die woord op my tong ontplof.

Toe laat sak ek die pistool. Met die veiligheidsknip op, sit ek die Beretta en gelaaide magasyn in my rugsak. Ek skraap die los koeëls in 'n kantsakkie en kom weer regop. Die sak is nou swaar.

“Totsiens, helhuis,” sê ek sag toe ek die voordeur oopsluit. Die koue nag wag buite vir my. Cleo, ons hond, lê op die stoep en loer na my met swart oë.

Sy gee 'n sagte blaffie toe ek die voordeur toedruk. “Sjuut,” fluister ek. Sy staan op en kom nader, maar

dis asof sy meteens die donkerte in my raaksien. Diere weet mos van dié goed. Sy steek halfpad na my toe vas en laat sak haar kop soos sy maak wanneer sy bang is. Sy los 'n tjankgeluid.

Ek hou my hand uit, maar sy deins terug. “Dis oukei,” sê ek sag. “Dis net ek. Jy ken my mos.” Sy tree nog verder weg.

Ek stap hek toe. Die geroeste slot sukkel toe ek dit wil oopsluit, maar uiteindelik gly dit tog los. Ek draai om om vir oulaas na die huis te kyk. Ek weet nie wat om te voel nie. Toe trek ek die hek toe. Ek hoor hoe Cleo weer sag tjank.

“Totsiens, Cleo.”